# God is my sterkte





**AGS Rayton**
**6 Aug 2023**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Inleiding

- Voel dit of jy krag kort.
- Miskien bietjie swak.
- Dit lyk dalk vir jou of almal om jou sterk is.
- Dit voel vir jou asof die wat die Here nie dien nie net meer en meer vooruitgaan en niks probleme het nie.



2

# Skrifgedeelte – Psalm 73

**Psa 73:1** ʽn Psalm van Asaf. Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat
rein van hart is. 2 Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruikel,
my voetstappe het byna uitgegly. 3 Want ek was afgunstig op die
onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien.
Psa 73:4 Want daar is geen kwellings by hulle nie, gesond en vet is hulle
liggaam. 5 In die moeite van sterwelinge is hulle nie, en saam met ander
mense word hulle nie geplaag nie. 6 Daarom is die trots om hulle soos ʽn
halssieraad, die geweld bedek hulle soos ʽn gewaad. 7 Hulle oë puil uit
van vet; die inbeeldinge van die hart loop oor. 8 Hulle spot en spreek in
boosheid verdrukking; hulle spreek uit die hoogte. 9 Hulle stel hul mond
teen die hemel, en hul tong wandel op die aarde. 10 Daarom draai hulle
mense hul hierheen, en waters in volheid word deur hulle geslurp. 11 En
hulle sê: Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste
wees? 12 Kyk, so is die goddelose mense, en altyd onbesorg vermeerder
hulle die rykdom! 13 Waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou en my
hande in onskuld gewas. 14 Die hele dag tog is ek geslaan, en my
tugtiging was daar elke môre. 15 As ek gesê het: Ek wil óók so spreek—
dan sou ek ontrou gewees het aan die geslag van u kinders! 16 Toe het ek
nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, 17 totdat ek
in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het.

3

# Skrifgedeelte – Psalm 73

18 Waarlik, U stel hulle op gladde plekke; U laat hulle in puin val. 19 Hoe
word hulle in ʽn oomblik ʽn voorwerp van verbasing, vergaan hulle, raak
hulle tot niet deur verskrikkinge! 20 Soos ʽn droom nadat ʽn mens wakker
word, o Here, so verag U, as U opwaak, hulle beeld! 21 Toe my hart bitter
gestemd en ek in my niere geprikkel was, 22 toe was ék dom en het niks
geweet nie; ek was ʽn dier by U. 23 Nogtans is ek altyddeur by U; U het
my regterhand gevat. 24 U sal my lei deur u raad en my daarna in
heerlikheid opneem. 25 Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U
begeer ek ook niks op die aarde nie. 26 Al beswyk my vlees en my hart—
God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid. 27 Want kyk, die
wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer.
28 Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees; in die
Here HERE het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel.

4

# God is goed

Psa 73:1 'n Psalm van Asaf. Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is.

- Ons wat nou ook ingesluit is as Sy kinders.
- Soos die Here Israel gered het uit Egipte, so het Hy ons ook uit sonde gelei.
- God is veral goed vir Sy kinders en die kerk.
- Soek rein harte.
- Gewas in die bloed van Sy Seun.
- Nuutgemaak.

5

# Ons aandag word egter soms afgetrek

Psa 73:2 Maar wat my aangaan, my voete het amper gestruikel, my voetstappe het byna uitgegly.

- Terwyl ons so sterk en tevrede in die Here is oor Sy goedheid, word word ons ook versoek.
- Asaf sê hy het amper gestruikel. 'n Noue ontkoming gehad.
- Gelowiges is ook soms swak en word versoek.
- Daar is storms,
  beproewings, versoekings.



6

# Waarmee word Asaf versoek?

Psa 73:3 Want ek was afgunstig op die onsinniges toe ek die voorspoed van die goddelose mense sien.

- Hy verwar God se goedheid, met wat die wêreld vir ons laat dink goedheid en seën is.
- Hy sien die mense wat die Here nie dien nie lyk voorspoedig.
- Dit lyk of dit net goedgaan met hulle, en of hulle gesond is.
- Nie eers bekommerd oor iets nie. Word nie gepla nie.

Psa 73:4 Want daar is geen kwellings by hulle nie, gesond en vet is hulle liggaam. 4 Want daar is geen kwellings by hulle nie, gesond en vet is hulle liggaam.

7

# Waarmee word Asaf versoek?

Psa 73:7 Hulle oë puil uit van vet; die inbeeldinge van die hart loop oor.
8 Hulle spot en spreek in boosheid verdrukking; hulle spreek uit die hoogte.

- Van buite af lyk dit of hulle alles het wat hulle nodig het.
- Hulle is hoogmoedig.
- Praat en sê net wat hulle wil. Selfs laster.
- Dryf die spot
- Spreek verdrukking.
- Dit lyk of hulle sonder probleme is en of dit net meer voerspoediger gaan.
- Hulle wend hulle uiterlike voorspoed baie sleg aan.

Psa 73:12 Kyk, so is die goddelose mense, en altyd onbesorg vermeerder hulle die rykdom!

8

# Asaf oorweeg sels om sy geloof te verlaat

Psa 73:11 En hulle sê: Hoe sou God dit weet, en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?

- Die wêreld vra ons baie keer vrae.
- Ons vra ook ons eie vrae.
- Die duiwel kom met leuens na jou toe.

Psa 73:13 Waarlik, tevergeefs het ek my hart rein gehou en my hande in onskuld gewas.

- Dink dalk dis nie die moeite werd om aan te hou om die Here te dien en jou hart rein te hou nie.

9

# Hoe het Asaf staande gebly en geveg?

Psa 73:15 As ek gesê het: Ek wil óók so spreek—dan sou ek ontrou gewees het aan die geslag van u kinders! 16 Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë,

- Hy behou respek vir God se kinders
- Hy kies om sy tong te bewaar deur wat hy praat.
- Denke. Die gedagte het by hom opgekom om ook negatief te praat saam met die wêreld.
- Bely teenoor die Here ook jou gedagtes.

Pro 30:32 If thou hast done foolishly in lifting up thyself, or if thou hast thought evil, *lay* thine hand upon thy mouth.

- Dink eerder na voor jy te gou praat.

10

# Hoe het Asaf staande gebly en geveg?

Psa 73:17 totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het.

- Hy het tyd gemaak met die Here.
- Die heiligdom van God betree.
- Sy teenwoordigheid.
- Gebed; Woord; mediteer; soekend na die Here; leiding van die Heilige Gees; gemeenskap van gelowiges; aanbidding.
- Elkeen moet so plek van onmoeting met die Here beleef.

11

# Asaf besef sy dwaasheid

Psa 73:22 toe was ék dom en het niks geweet nie; ek was 'n dier by U.

- Hy besef dit was dwaas om deur hierdie versoeking amper te struikel.
- Raak nedererig en erken eerder swakheid.
- Vat verantwoordelikheid.



12

## Selfs in ons dwaasheid is die Here by ons

Psa 73:23 Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. 24 U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem.

- Die Here hou ons hand vas, selfs in ons dwaasheid en tekortkominge.
- Hy het jou lief.
- Steeds onder die Here se beskerming.
- Hy lei jou met geduld en liefde ("compassion")
- Sal daarna vir ewig by Hom wees.

13

## God is genoeg vir ons

Psa 73:25 Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.

- Ons het niemand anders nodig nie.
- Ons het ook niemand anders behalwe die Here nie.
- Ons begeertes behoort na God alleen te wees.
- Die Here behoort ons eerste keuse te wees.



14

# God is my krag en sterkte

Psa 73:26 Al beswyk my vlees en my hart—God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.

My flesh and my heart may fail, but God is the Rock and firm Strength of my heart and my Portion forever. (Amp)

- Ons nietige lewe gaan verby.
- God is die sterkte en krag van jou hart.
- Hy is ons deel. Ons kry dus ‘n ewige deel.



15

# Dis goed om naby die Here te wees

Psa 73:28 Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees; in die Here HERE het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel.

- Die beste wat jy kan doen.
- Dis goed om die Here jou toevlug en rots te maak.
- Leef in volle afhanklikheid van die Here.
- Getuig van wat die Here gedoen het.

16

xx




# Afsluiting

17